Sing vooraf staande: Skrifberyming 20-2:5 (50:5)

5 Beskerm ons in die bange tyd / van sielsversoeking en van stryd;
help as die Bose ons bestry / dat hy oor ons geen voordeel kry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 91:1, 2 (p. 460)

1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.

2 Daar's nette, waar jou voet ook gaan, / soos van die voëlvanger;
uit donker plekke waai jou aan / 'n stroom van pesdamp swanger.
Maar eewge vleuels sweef oor jou, / geruis van reusevlerke;
rondom jou is Gods eewge trou, / die harnas van die Sterke.

Gebed

- ***Doksologie***
- ***Aanbidding***
- ***Skuldbelydenis***
- ***Vergifnis***
- ***Dank***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens***

Amen.

Psalm 68:3 (p. 331)

3 Hoog bo die onreg wat hier woel, / staan God se heil'ge regterstoel, van waar Hy in ontferming
die weduwees hul reg verskaf, / die wees se onderdrukkers straf / en waak tot hul beskerming.
Wie eensaam is, hom stel Hy in / die volheid van 'n huisgesin. / Hy breek die slawebande
van wie hier in gevang'nis smag; / Maar wie Hom hoon in sy gesag, / dié woon in dorre lande.

Skriflesing: Markus 15

Teks: Markus 15:21

En hulle het 'n sekere Simon van Cirene, wat van die veld af gekom het, gedwing om sy kruis te dra. (Markus 15:21 AFR1953)

Dis vandag Kruisigingsvrydag. Ons herdenk vandag die kruisiging en die opstanding van ons Here Jesus Christus. As ons so oor die dinge dink wat daardie paar dae alles gebeur het, dan besef ons hoe goed die Here vir ons is.

Die Here is baie goed vir ons en Hy belowe ons ook voortdurend die mooiste dinge in die Bybel. Ons lees byvoorbeeld in Psalm 91 dat:

- die Here ons sal dek met sy vlerke,
- dat Hy ons Toevlug is,

- dat Hy die engele sal beveel om ons te bewaar waar ons ook al sal gaan en dat hulle ons op die hande moet dra.

Om dit werklik te kan verstaan, moet u dink oor hoe die geweld van die dood met ons werk en hoe ons dood en lyding vrees.

- Dink maar net met hoeveel afsku ons dink en praat van al die moorde en verkragtings en dinge soos handeldryf met vroue en kinders.
- Daar is nog meer fisiese dreigemente vir ons soos kapings en gewapende roof.

Ons raak ook werklik gespanne as ons dink oor al die mooi beloftes van die Here, maar ons sien oraloor hierdie tipe geweld raak. Hoe lank gaan dit nog van ons af wegbly?

As ons nugter oor die lyde en dood van ons Here Jesus dink, dan besef ons dat die dinge nie volgens hierdie beloftes gebeur het met ons Here Jesus nie.

- Hy het geweldige geestelike en liggaamlike smarte deurworstel voordat Hy dood is.

Het u al gedink wat die dood werklik is? Daar is ’n paar moontlike beskrywings daarvan:

- Dit is wanneer ons liggame sterf.
    - In hierdie doodgaan van ons liggame sien ons die ewige dood wat die sondaars sterf wanneer hulle in die hel beland.
    - Ons sien ook dikwels dat mense geweldig ly voordat hulle doodgaan en ook dit herinner ons aan al die smarte van die hel.
    - Dis dalk die vernaamste enkele rede waarom ons die dood vrees!
- Aan die ander kant kan ons ook sê dat die dood die Here se werkswyse is wat Hy gebruik om ons lewensbande op die aarde los te maak.
    - Eers was die dood as straf op die sonde van Adam ingestel, maar nou het dit in die Here Jesus Christus ’n deur geword waardeur ons van hierdie wêreld af na die hiernamaals toe deurstap.

Vir Jesus was die dood egter nie ’n deurgaan van hierdie lewe af na God toe soos wat dit nou vir ons is nie.

- Hy moes as mens die dood van straf sterf.
- Hy het self geen sondes gehad waarvoor Hy gestraf moes word nie, maar Hy moes sterf om daardeur gestraf te word vir ons almal se sondes.

Dit was ’n gebeurtenis wat vir Hom as mens sy lewensverbindinge op die aarde deurgesny het.

- Hy moes God se straf dra met sy dood.
- Hy moes sy dood en begrafnis opvolg deur die dood te oorwin – om daarmee al die uitverkorenes van die dood te verlos.
- God het voor die skepping besluit dat dit die enigste manier sal wees waarop Hy versoening vir ons sondes sal aanvaar.

Die Here het ook voor die skepping al besluit dat Hy hierdie versoening nie net in die hiernamaals oor ons gaan laat geld nie, maar dat Hy dit in hierdie lewe al op ons gaan toepas.

- Dis waar beloftes soos byvoorbeeld dié in Psalm 91 inpas.
- Dit was Ou-Testamentiese uitsprake wat ons al daaraan herinner het dat God in die Here Jesus Christus die vernietiging van die hel van ons af sou wegneem.

Dit is bedoel as troos en versterking, sodat ons van ons kant af die genade van God kan sien en waardeer, sodat ons geloof ook daarby kon baat.

- Al die Ou-Testamentiese beloftes van beskerming en bewaring preek dus die verlossing deur Jesus Christus.
- Dis waar die lyding van Jesus inpas.

Kom ons kyk in hierdie preek net weer na alles wat gebeur het met die Here Jesus se dood.

- Die Donderdagaand het die lyding van Jesus al na ’n hoogtepunt toe begin oploop.
    - Daardie aand het Jesus vir die dissipels sy dood aangekondig.
- Dink nou prakties oor die saak: wie van u gaan in die nag rustig en ontspanne slaap as jy weet jou dood is net ’n paar oomblikke vorentoe?
- Daarom gaan die Here Jesus uit die vier mure van die Nagmaalsvertrek wat Hom vasgedruk het uit, in die vryheid van die nag in – na sy bidplek toe.

Spanning en moegheid maak enige mens gedaan, en daarom raak die dissipels daardie nag doodeenvoudig aan die slaap.

- Dink net, as die spanning hulle so gevang het dat hulle die Here nie eers kon ondersteun in sy worsteling om die dood tegemoet te gaan nie, hoe moes dit die Here self gevang het!
- Die Here Jesus dra hierdie groot spanning alleen – Hy sweet bloed van angs.
- Later die nag word die Here Jesus gevang.
- Die hele kwessie van verhoor word ’n bespotting, want Jesus word van die een hof na die ander een geslinger.
    - In die verhore word daar nie reggespreek nie!
    - Daar word gesoek na ’n rede wat die Romeinse owerheid sal beweeg om die doodstraf oor Jesus te voltrek.

Dan word dit Vrydagmôre. Die owerpriesters en die ouderlinge en die skrifgeleerders en die hele raad het uiteindelik saam tot ’n besluit gekom.

- Die Here Jesus moet dood!
- Let wel, hulle kon nie besluit dat Hy aan enige misdryf skuldig is nie. Hulle besluit sonder enige gronde dat Hy moet dood.

Die Here Jesus word na Pilatus toe geneem waar die doodsvonnis voltrek moet word.

- Om die gehoor se gevoel te probeer versag, word Jesus gegesel en bespot.
- Uiteindelik vorder die saak tot ’n daadwerklike verhoor voor Pilatus.

Hier kom ons agter dat die Here Jesus aan Pilatus voorgehou word as ’n rebellieleier.

- Jesus het hoogverraad gepleeg, want Hy sê dat Hy die Koning van die Jode is.
- Hy het glo volgelinge gewerf om teen die Romeinse owerheid in opstand te kom.

Daarom vra Pilatus die vraag: Is U die Koning van die Jode?

- Sy twyfel oor die waarheid van alles wat die Jode vertel, word ook bewys in sy uitspraak dat hy niks in Jesus kry wat die doodsvonnis verdien nie.

Kan u sien dat elke stukkie van hierdie geskiedenis ’n verdieping van Jesus se lyde is?!

- Op hierdie stadium het die Jode begin skreeu dat Jesus se bloed op hulle en hulle kinders moet rus!

Die Here moes oneindige diep hartseer beleef het om dit deur te maak dat die mense vir wie se verlossing jy kom, dié is wat jou verwerp en doodmaak!

Dit was die reël dat iemand wat gekruisig moet word, eers gegesel is.

- Hulle het dit met die Here Jesus ook gedoen.
- Die soldate was mense wat hulle keiser aanbid het. Hulle het Jesus met vreugde geslaan, want hulle het almal verfoei wat hulle keiser teëgestaan het.
- Hulle het daarom baie grof met die Here gewerk.
- Die soldate was dus buitestaanders van die geloof, en het glad nie geweet waaroor alles gaan en watter aandeel hulle in die uitvoering van God se raad gehad het nie!

Dink hoe die pyn en die geseling bygedra het om die Jesus se laaste menslike kragte uit te put.

- Die Here Jesus moes toe al liggaamlik baie swak gewees het.
- Kyk hoe het God sy Seun verlaat, en Hom laat ly, om daarmee alle straf wat ons toegekom het, aan hierdie Jesus te straf.

Die soldate het in hulle onkunde bygedra vir ’n verdere dieptepunt in die Here Jesus se lyding.

- Hulle het spottenderwys van die Here Jesus ’n koning gemaak.
- Inderdaad ’n karikatuur van ’n koning – met ’n doringkroon en ’n soldatemantel.
- Maar daarmee het die duiwel sy onderdane Jesus tog as Koning laat bely.

Toe moes Jesus, volgens gebruik, sy eie kruis opdra na die plek toe waar Hy gekruisig gaan word.

- Die balke was so swaar dat dit met moeite deur een man gedra of gesleep kon word.
- Die idee was dat dit moes bydra tot die lyding van die veroordeelde.

Op hierdie manier moes hy dan saamwerk met sy eie teregstelling.

- Daarmee het die mense dan hulle gewetes gesalf en gesê dat die kruiseling saamgestem het met sy vonnis en dat dit dus met reg oor hom voltrek is!

Die stoet het deur die smal strate beweeg en uiteindelik buitekant die stad aangekom.

- Daar het ’n man uit die veld aangestap gekom.
    - Hy het in die teenoorgestelde rigting beweeg as die stoet.
    - Dit is uit die Bybel duidelik dat die man glad nie van plan was om saam met die stoet te loop nie.
- Maar die soldate het Hom verplig om Jesus se kruis vir Hom te dra.

God se genade is bedoel vir almal wat vir Hom ly, en daarom het Simon, die man wat die kruis moes dra, deur hierdie gebeurtenis tot bekering gekom.

- Nie net hy nie. Saam met hom het sy hele gesin tot bekering gekom, want die Bybel praat van hom as Simon, die vader van Alexander en Rufus.
- Paulus praat baie jare later (Romeine 16:13) van die seun Rufus as “… ’n uitverkorene van die Here”.

Al het die Here Jesus se genade meteens oor ’n onbekeerde heiden oopgevou, sodat hy toegang gekry het tot God se koninkryk, het Jesus se eie lyde deur die daad verdiep!

- Jesus was te swak om sy kruis te dra en iemand anders word voorsien.
- Maar die kruisiging gaan deur!

Kyk nou na die betekenis van die kruisiging.

- Almal wat daar was, het gesien hoe Jesus aan die kruis vasgeslaan word en hoe Hy ly en uiteindelik sterf.
- Maar wat hulle nie kon sien nie, was dat al God se woede oor ons sondes teen Hom, op daardie selfde oomblik, gestraf is aan Jesus Christus.
- Terwyl Jesus so onskuldig was dat selfs die heidense Romein Pilatus dit openlik gesê het.

Jesus het met sy dood die muur wat ons van God geskei het, afgebreek.

- Met sy pyn en geestelike lyding het Hy die toorn van die Here oor al ons verkeerdhede versoen.
- So het ons toegang tot die hemel verkry.
- Simon se bekering was simbolies van ons bekering wat sou volg uit Jesus se kruisverdienste.

Ons maak nou nog spanning hier op die aarde deur.

- Daar gaan kort-kort iemand van ons dood.
- Ons dra allerhande spannings in ons land.
- Waar pas dit by die kruisiging?

Ons aardse lyding is daarop toegespits om ons ons eie magteloosheid en sondeverlorenheid te laat besef.

- Ons beleef in hierdie dinge bloot ons eie onvermoë teen die aanvalle van die duiwel op ons.
- Dit laat ons weereens besef hoe nodig ons die genade en beskerming van die Here het!

Ons kan ernstig hoop op God se beloftes soos byvoorbeeld dié in Psalm 91, want die Here het met Opstandingsondag bewys dat sy vermoëns onbeperk is.

- Hy oorheers die dood.
- Hy heers met soveel mag oor die dood en elke stukkie werk van die satan, dat Hy ons ook daaroorheen voer.

Die opstanding van die Here Jesus het die hel laat versplinter.

- Dit het die satan stom gemaak – hy het daarmee vir ewig gebreek uit die stryd uitgetree.
- Hy kan nou net op die aarde loop en verwoes – soos Petrus skryf.

Geliefdes in die Here, hierdie gebeurtenisse is om u te troos:

- Die Here se beskerming gaan bo die tyd uit – daarom moes Jesus ly.
- As bewys is Simon uit die heidendom bekeer.

Daarom staan die Here Jesus op, en leef tot in ewigheid.

- Simon die bekeerde leef dus deur hierdie opstanding ook tot in ewigheid.
- Hierdie Simon is die simbool van ons – ons ewige lewe en die verlossing wat God oor ons almal wat in die Here Jesus glo, bewerk.

So word Psalm 91 in die moderne tyd oor ons ook waar. Onthou dus deur al die spanning wat ons in hierdie tyd deurmaak, net een ding:

- God regeer die geskiedenis.
- Daar is nie aardse magte of volke of politieke partye wat die geskiedenis kan bepaal nie.

God het klaar die geskiedenis geskryf.

- In hierdie geskiedenis werk die magte van onheil en verwoesting nog al die tyd die wil van die Here uit – net soos wat die Romeinse soldate ook gedink het dat hulle die keiser dien, maar Christus bely het.

Leef in die wete dat wat ook al met ons gebeur, die Here ons die krag sal gee om dit te kan dra sonder dat ons ons geloof verloor, en sonder dat ons verlore kan gaan.

Die Here Jesus se dood en opstanding is juis die bewys dat die Here ons uit totale vernietiging kan (en gaan) ophef tot in die ewige heerlikheid!

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 121:3, 4 (p. 608)

3 Die son wat bo jou trekpad staan, / sal jou nie steek by dag;
die maan ook nie by nag. / Die HEER sal met jou samegaan.
Hy, Israels ontfermer, / is altyd jou beskermer.

4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 2 April 2010